



Hoewel Gyeongju een van die kleiner dorpies in Suid Korea is, het hy geen gebrek aan internasionale status nie. Die dorp word feitlik omring deur mensgemaakte heuweltjies wat mens laat dink aan



Agter my, die uitleg van die Tumuli Park

reuse molshope wat met gras bedek is. Hulle word Tumuli genoem en is een van die groot aantrekkingskragte vir toeriste aangesien hulle ook 'n Wêrelderfenisgebied is. Party beweer selfs daar is 'n direkte verbintenis tussen hulle en die soortgelyke dwergbergies naby Stonehenge. Hoe dit ook al sy, binne in een so 'n Tumulis, is daar artefakte gevind wat die area as belangrike stop op die destydse Syroete aandui.

Ek en kameraatjie het op 'n naweek besluit om soos wafferse kultuur kraaie, somer gou deur al die besienswaardighede in ons onmiddellike omgewing te draf. Groot fout. Dit sou ons toe 'n hele paar naweke neem om net die oppervlak oop te krap van wat alles vir 'n mens wag in en om hierdie dorpie met die moeilike naam.



Die eerste naweek het ons die Tumuli besoek en die een daarna die tempel van Bulguksa. Een in die vlaktes en een in die berge. Jy stap maklik agt tot vyftien kilometer om net deur die Tumuli park te kom maar daar is darem oral sulke varswater fonteintjies waar jy jou dors kan les.



Ook kom ons toe af op wat bestempel word as een van die eerste astronomiese waarnemingstorings (sterrewag in plein Afrikaans) wat die mens vir homself opgerig het in die sewende eeu, tydens die Silla dinastie. Op nege meter hoog is dit nie

vreeslik indrukwekkend nie, maar as jy nader kyk, ontvou ander merkwaardige aspekte van die sterretoring. Dis gebou met 362 graniet blokke – maan kalender jaar -en aan die suide kant is daar 'n klein vierkantige



A, vars water vir dors toeris!



venstertjie wat die lente en herfs ewening se sonstrale op die vierkantige vloer vasvang. Die bopunt van die toring is rond wat die Sjinese wêreldsiening van 'n vierkantige aarde en 'n ronde hemel weerspieël. Daar is twaalf lae stene bokant en twaalf onderkant die venstertjie wat die maande van die jaar voorstel. Mens wonder tog hoe lank terug al bekyk ons die sterre en wonder die mensdom wat daar anderkant aangaan.

By die tempel van Bulguksa het ons vir 'n paar dollar, ons name verewig op een van hulle gebuigde teëls. Ons het 'n boodskap vir ons vriende en familie geskryf wat jy vandag nog kan gaan opsoek, belowe hulle ons....



UITEINDELIK! Realistiese Mannekyne



Met die pandemie en inperkings het ek nou met myself begin praat.

Party dae sê ek iets snaaks dan lag ons al twee daaroor.

Dit gebeur soms dat ons nie oor iets saamstem nie, dan praat ek dae lank nie met myself nie

Oulike Engelse Een

Instead of all the negative postings, here is a pic of some topless chicks in short skirts



Ek dink nie ons word slimmer soos ons ouer word nie



Ons raak net uit dom dinge om te doen

STEMMET IN DIE STOEL

Johan skryf op 'n ander Noot vir ons daar uit Langebaan

My oorlede oom Willem was hier in die sestigerjare 'n barbier op Jan Kempdorp. Die manne kom sit in die barbierstoel vir 'n vinnige in-en-uit met almal dieselfde versoek: "Knip kort." Nou hier is geen sprake van stilering nie .



Ook nie enigsins riglyne of voorstelle van die kliënt se kant af nie. "Kort" is al opdrag. "Short back and sides". Die standaard knip van daardie tyd. En dan laat loop oom Willem met die "clippers." Vyf minute later sit die kliënt sy hoed op sy kop en groet tot oor 6 maande. Ouskool.

Sommige ouens laat knip deesdae weekliks om die hare in styl te hou. Ander skeer sommer uit die staanspoor self kaalkop en hou hom so. "Die Vader het mos net soveel volmaakte koppe geskepe... die res het hy met hare bedek!"

Ek laat knip so elke tweede maand my hare om dit min of meer dieselfde lengte te probeer hou.

So stap ek die week by 'n haarkapper in. Met die trekkery verlede jaar was haarsny maar laag op my lys van prioriteite. En hare het die gewoonte om nogal te groei as jy so 'n paar maande oorslaan.

Die haarkapper is jou tipiese ouskool barbier. Hy is nie van hier af nie en praat slegs Engels. Ook maar net net.

"Just a trim please. Not too short". Eenvoudige versoek.

Die stoel is heerlik gemaklik en die barbier verstel die rugleuning en pomp hom so met sy voet tot op die regte hoogte. Ek sak behaaglik agteroor en sluit my oë. Mens kan nogal lekker ontspan met 'n haarskeerdery. Ek wag vir die geluid van die kam om teen die skêr te begin klik-klik soos hy regmaak om ritmies, stelselmatig sy weg teen die kant van my kop op te werk.

Wat ek egter salig onbewus van is is dat die man net die "short" in my versoek verstaan het. "Just a trim" en "Not too..." het by hom verbygegaan. Voor ek mooi besef wat aangaan hoor ek 'n sjirrrrr hier teen my oor. My oë vlieg oop en die eerste wat ek in die spieël voor my aanskou is die helfde van my skedel wat blootgelê word met die eerste stryk van die elektriese knipper.

Nog voor ek beswaar kan aanteken trek die anderkant se hare in dieselfde rigting vloer toe en in my poging om regop te spartel beland die man se knipper teen my voorkop.

"Too short" kry ek dit nou skoon angsbevange uit en daar hoor hy my verkeerd en verstaan "Short too!"

Van die eens gemaklike barbierstoel is daar nou g'n sprake nie. Ek is nou sy gevangene. Ek probeer desperaat orent woen maar die rugleuning is te skuins. Die doek om my nek pen my vas en ek kry nie met my arms gekeer nie. Die man gee daai knipper net so 'n swaai en daar gaat die kuif. Ek het skaars van die aanvanklike aanslag herstel toe klim hy weer in met so 'n triomfantelike swiep van die knipper as 'grand finale' en daarmee is my hele kop gedoen. Finish en klaar.

"Short back and sides" sou oom Willem se kliënte gesê het. "Poenskop" is die woord wat by my opkom terwyl ek myself verslae in die spieël aanskou.



"You like?" vra hy, erg trots op sy handewerk terwyl hy 'n handspieëltjie dan dié kant, dan daai kant van my agterkop of eerder agterkopvel hou. Nou verstaan ek hoekom oom Willem se kliënte altyd hoed gedra het.

"I like... thank you" sê ek verwese, terwyl ek vriendelik groet en my keps oor my kop trek.

Spreekkamer- Stories.

Met 'n lepel vol lag.

Dr. Fana Malherbe



Dan was daar die man wat vir 'n *korter* kondoom gevra het by die gesinsbeplanningskliniek.

“Wat is verkeerd met dié wat ons u gee?”

“Dokter, hulle is so 'n ergernis. Hulle is te lank, ek moet elke keer 'n stuk voor afsny!”

'n Nuwe verpleegstertjie, heeltemal 'n groentjie, moes eenmaal op die saalsuster se instruksies die pasiënte se kunstende skoonmaak. Sy versamel toe al die tande in een groot skottel en skrop hulle goed skoon. Sy't eers teenspoed gekry toe elke pasiënt weer sy eie tande moes terugkry . . .



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Bosoorlog Spanpraatjie

Deur Piet Heyns

Ek was teen die einde van die bitter dae van die Bosoorlog die bevelvoerder van die Burgermag Genie Regiment in 91 Brigade wat deel van die Suidwes-Afrika Gebiedsmag (SWAGM) was.

Een dag loop ek een van die manne raak wat 'n stafersant in 91 Genie Regiment was. Ou Mike en ek raak aan die gesels oor allerhande struikelblokke in die Covid grendeltyd en later gesels ons maar oor die lekker dae in die Bosoorlog.

Hy vertel my dat hy nooit sal vergeet van die spanpraatjie wat ek met een groep sappeurs gehad het wat oppad na die Operasionele Gebied was:

“Manne, daar is vier belangrike sake wat ek vandag onder julle aandag wil bring voor julle bos toe vertrek en julle moet mooi luister!”

1. Ek gaan nie vir julle sê waar ons julle gaan ontplooi nie, want die eerste ding wat julle mos doen, is om julle meisies, ma's en vrouens te bel en te vertel waarheen julle gaan. As die SWAPO Terroriste net één telefoongesprek onderskep, dan gaan hulle weet waar julle is en julle kom vrekmaak.
2. Die tweede ding is dat julle nie hierheen gekom het om Terroriste te jag nie. Julle moet bid dat julle nooit 'n Terroris in die bos raakloop nie, want hulle is nie soos 'n koedoe wat vir jou staan en kyk terwyl jy hom deur die kop doodskiet nie. 'n Kontak is 'n vuil speletjie en nie iets om na uit te sien en nog minder iets om oor te spog as jy dalk werklik so 'n troumatiese besigheid ervaar het, of dalk glad nie ervaar het nie. Wees op julle hoede, bly waaksaam en moenie vir k#k (moeilikheid) soek nie.
3. Die derde ding is as jy op 'n landmyn trap, trap die bleddie ding stukkend voor hy afgaan!
4. Die laaste ding is dat julle paraat moet wees en sorg dat julle messe skerp is want as jy deur Terroriste gevang word, gaan hulle jou kroonjuwele met jou eie mes afsny en dit is baie beter as hulle jou eiers met 'n skerp mes afsny as met 'n stomp mes.

'n Week later besoek ek die manne in die bos, doen my inspeksies en gesels met die troepbevelvoerder, Luitenant Rheeder oor die vordering met hul take.

Later vertel hy my so terloops dat daar minstens een man is wat my spanpraatjie behoorlik kop toe gevat het en dit is Sappeur Heinrich Krentler **wat elke aand sy mes slyp voor hy gaan slaap!**
(Tipies Duitse deeglikheid)

KAMMAWÊRELD No 6

'n Gouelokkies Heelal: Nes ons daarvan hou

deur Maryna Blomerus



In "The Anthropic Cosmological Principle" skryf John Barrow, Frank Tipler en John Wheeler dat daar onwaarskynlike kosmologiese toevallighede van enorme omvang bestaan wat noodsaaklik blyk te wees vir die bestaan van koolstofgebaseerde waarnemers in die heelal. Hierdie gelukkige toevallighede sluit 'n ellelange lys fundamentele konstantes in. Ons vind hulle in die natuurwette, soos uitgedruk in wiskundige vergelykings. Hulle sluit onder meer die snelheid van lig (c), Newton se gravitasiekonstante (G) en Planck se konstante (h) in.

Die snelheid van lig, nes al die ander konstantes (of natuurkragte) het geen noodsaak om te wees wat dit is nie en kan nie wiskundig afgelei word nie - konstantes word net eksperimenteel waargeneem. Hul waardes kon enigiets anders gewees het. Gelukkig is hulle wat hulle is.

Daar is ook ander "gelukkighede": die aarde se afstand van die son, sy sirkelvormige wentelbaan, sy aksiale hoek, die massa van die maan en sy afstand van die aarde en baie, baie ander kosmologiese gegewe wat vir ons voordele inhou wat ons as vanselfsprekend aanvaar, dinge soos lae bestraling, 'n stabiele klimaat, diverse ekosisteme, seisoene, vloeibare water, en en en...

Sir Roger Penrose het die kans op 'n lewefriendelike heelal soos ons s'n op een in $10^{10^{123}}$ bereken, 'n getal met meer nulle as die aantal fundamentele deeltjies in die waarneembare heelal. Soveel geluk soebat om 'n verduideliking. Kandidaat-verduidelikings sluit in:

- **God:** 'n Skepper het die lewefriendelike heelal ontwerp met ons in gedagte
- **Veelal:** elke moontlike heelal bestaan en ons is net gelukkig om in hierdie een te woon
- **Wiskunde:** ons heelal bestaan as 'n logiese noodwendigheid
- **Artefak:** ons heelal is 'n simulاسie, geskep deur 'n intelligente beskawing
-

Voorstanders van die multivers roep voor die gees 'n soort fluktuasie van energie in ooreenstemming met die basiese kwantumteorie wat opeenvolgend allerhande konfigurasies van ruimte, tyd en basiese kragte oplewer. Hierdie fluktuasie gebeur vanself, sonder rigting of doel, en snel deur al die moontlike kombinasies wat die teorie toelaat. Een of ander tyd moet dit noodwendig, per blinde toeval, gebeur dat 'n heelal soos ons s'n voortgebring word.

'Niks' is die afwesigheid van *alles*. Hierdie ruimtetydfluktuasies duik egter nie op uit 'n algehele niksheid nie, maar uit 'n baie vol en komplekse stel kwantumvelde wat konstant fluktueer, reëlmatig en sistematies, sodat elke moontlikheid die een of ander tyd realiseer. Dit lyk asof die 'niks' onderhewig is aan wette, 'n logika wat ruimte en tyd voorafgaan. Waar kom hierdie natuurwette wat die fluktuering van kwantumvelde reguleer vandaan, en in watter sin bestaan hulle, selfs sonder materie om te reguleer? Waar kom die kwantumvelde vandaan? Waarvandaan kom die oorspronklike energie wat in ooreenstemming met kwantumteorie optree? En wat verseker dat elke moontlike staat die een of ander tyd sal aktualiseer? Daar is geen noodsaak vir elke moontlikheid om die een of ander tyd realiseer nie. Een staat mag herhaal terwyl die ander vir ewig ongerealiseer bly.

In watter 'tyd' is die kwantumvelde in elk geval veronderstel om te fluktueer? Ons het gesien dat tyd en ruimte een konsep is. Ruimte beskryf die posisies en beweging van deeltjies; sonder deeltjies is daar geen ruimte nie. En sonder ruimte is daar geen tyd nie.

Hul waardes moet van buite 'ingeprop' word..

Maar wat as alle moontlike heelalle gelyktydig – parallel – bestaan as wiskundige realiteite? Sommige fisici soos Max Tegmark glo dat wiskunde meer is as 'n beskrywing van realiteit – dat dit realiteit self *is*, en dat verskillende kombinasies wiskundige vergelykings verskillende heelalle *is*. Maar wat word hier met 'wiskunde' bedoel? Die fundamentele konstantes is nie wiskundig afleibaar nie. Hul waardes moet van buite 'ingeprop' word in die formules van die natuurwette om 'n heelal te genereer. Dit kan nie van binne verrys nie; dit moet vir 'n heelal gekies word. En deur watter meganisme? Sonder konstantes het ons net wiskunde, nie 'n heelal nie.

Dan is daar natuurlik die waarnemereffek wat ons vantevore teëgekom het. Wat as die vaders van kwantumeganika reg was en bewussyn fundamenteel is, as 'n heelal sonder waarnemers nie kan bestaan nie? Al die lewelose heelalle sal bloot ongerealiseerde waarskynlikhede bly.

Dit laat ons met die heelal as die handewerk van óf God óf 'n tegnologies gevorderde beskawing. As ons vir die oomblik veronderstel dat die heelal 'n rekenaarprogram op 'n holografiese skerm is – soos Gerard 't Hooft voorgestel het – bring dit ons op die rand van alle dinge waar die volgende stap 'n vryval in die niet is. Is daar ver onder ons tog grond vir die holte van ons voete, of vlieg ons verder met virtuele vlerke?

Tot volgende keer.



Giggels



Mercedes te koop vir slegs R1-00

Iemand het die advertensie geplaas op sosiale media.

Niemand behalwe een ou toppie het reageer nie.

Hy gaan kyk toe die motor.



Die dame verkoop toe werklik die Merc, met net 12,000km op, aan hom vir R1-00.

Sy oorhandig die papiere en sleutels aan hom.


Sy vra hom om ook net n verklaring te teken dat hy R1-00 betaal het.

Hy vra hoekom. Sy antwoord:

"Ek voldoen net aan my oorlede man se testament."

Hy het die opbrengs uit die verkoop van die kar aan sy sekretaresse bemaak."

Gades bly gades, in lewe en na dood



KLEUTERKUNDE

Kinders sien soms ding heel anders:

Onnie: "Hoe oud is jou pa?"

Gertjie: "6 jaar Juffrou"

Onnie: "Ai Gertjie, Hoe is dit dan moontlik!"

Gertjie: Hy het eers pa geword toe ek gebore was Juffrou"



Onnie: Susan, hoe spel jy Krokodil?

Susan: "K-R-O-K-K-O-E-D-E-I-L" |

Onnie: "Nee, dis verkeerd"

Susan: "Miskien is dit verkeerd juffrou, maar u het my gevra hoe ek dit spel!"

Onnie: "Marie, gaan na die wêreldkaart en wys ons waar Amerika is"

Marie: "Hier is dit"

Onnie: "Korrek, nou klas, wie het Amerika ontdek?"

Klas (soos een man): " Marie juffrou!"

Onnie: Jannie, hierdie opstel oor 'My Hond' jou hond is presies dieselfde as jou broer sin, het jy dit dalk afgeskryf?"

Jannie: "Nee juffrou dis dieselfde hond"

Boemerang Boertjie

Ray Theron skryf van daar doer onder

Djy Moet Jou Mênners Onthou!



Ek loop vir Petrus in Bendigo raak. Dis nou toe ek nog in Victoria gewoon het. Petrus was op sy dag 'n onderwyser in 'n skool op die Kaapse Vlakte êrens; hy wil nie meer spesifiek wees nie, en wil duidelik nie die volle storie van sy verlede op die lappe bring nie. Sy saak, en ek het vrede daarmee.

Ewenwel, Petrus was so 'n jaar of wat in die land, heel wettiglik, natuurlik, met die nodige visum en dies meer. Maar hy het nog sy Wes-Kaapse rybewys gebruik. Dít was natuurlik nie wettig nie, maar op een of ander manier het hy die ysterkloue van Vicpol (die Victoria Polisie) ontglim, of altans nog nie raakgeloop nie.

So vertel hy my dat hy eendag op pad Melbourne toe is op die M79. Dis nou amper so-iets soos die N2 daar in Caledon se geweste. Maar die groot verskil is dat die snelheidsgrens op die ou paadjie 100km/h is, soos op die meeste grootpaaie in omtrent die hele Australië. En Petrus was nog steeds gewoon aan die N2, waar die spoedgrens 120km/h is, maar omtrent niemand minder as 20km/h óór die grens ry nie. Wat meer is, omdat hy met sy Suid-Afrikaanse rybewys gery het, het hy sy watsenaam afgegee aan die "demerit" punte wat jy verloor as jy oortree. En as jou puntjies almal op is, vat hulle jou rybewys af. Nie dat dit die jafels hier steur nie, want die kanse dat jy 'n poot langs die pad gaan raakloop, is omtrent so skraal soos 'n haelkorrel in die Sahara in.

So woerts Petrus op pad Melbourne toe. En hy reken hy het so om en by 125km/h gery toe hy by die wit en blou en met rooi en blou ligte versierde Holden Commodore verby vlieg. Die einste Commodore wat toe skielik ene flikkerligte is en hom met 'n geloei agternasit.

"Ek het my wassit afgeskrik, man, met dié skielike flikkerende geraas agter my," vertel Petrus. "Ek dog, jinne, man, nou is jou dinges in die hoesenaam!"

Maar, teen die spoed waarmee hy by die poot verby is, het hy darem 'n kans gestaan om die kêrel êrens af te skud voordat hy naby genoeg kon kom of Petrus se nommerplaat te kon lees. So sit hy nog meer voet in die hoek en bid homself blou in die gesig dat daar 'n bult en 'n afdraaipad anderkant die einste bult voorlê.

Sien, Petrus het, nes Baldrick in Blackadder, 'n "cunning plan" gebaar: oor die bult en buite sig sou hy enige moontlike afdraaipad gebruik om die agtervolging te fnuik, al het dit onheilighik rem en swenk beteken.

Dié stuk pad loop ongelukkig meestal reguit oor 'n vlakte wat net hier en daar 'n bloekomboom of twee het. Maar Petrus se beskermengel was dié dag aan diens, en daar doem skielik 'n meneer van 'n bult voor hom op. Amper hoog genoeg om in dié landjie as 'n berg beskou te word, m.a.w., amper so hoog soos Platteklou se bult neffens Durbanville. En net oor die kruin lê daar so waaragtigwaar 'n afdraaipad na 'n plaas of so iets.

Petrus gooi anker dat sy Toyotatie beswaard kerm, en maak net-net sy draai. Die paadjie is gelukkig geteer, en so 'n grootspoeg van die hoofpad af duik dit in 'n bloekombos in. En dis net daar wat Petrus tot ruste kom, sy longe leeg sug en die angssweet van sy voorkop afvee. Sit 'n goeie tien minute daar en wag. Sien, hy wou seker maak dat die poot amper in Melbourne is voordat hy weer grootpad vat.

"Djy sal my nie glo nie, maar ek was doetsieker my dinges was behoorlik innie hoesenaam!"

"En?" vra ek, "wat toe?"

"Nei, man," sê hy, toe ek weer oppie groetpad is, sien ek wragtig die poot langs die pad, net so 'n kilometer verder..."

"En?" por ek.

"Nei, man, daar staan die Commodore met sy enjindeksel innie lug en stoom wat soos 'n vulkaan van hom af opstyg!"

"En toe hou jy seker doodluiters verby?"

"Nooit! Ek stop agter hom klim yt en vra die laaitie of hy hulp nodig het!" En Petrus lag dat sy oë traan. "Djy moet jou menners onthou innie vreemde in!"

Agteros

-kort voor slaaptyd



3 NASIES (2008)



Deur 'Jats' André Dippenaar

So sit Dippies en sy buurman Frik mos Saterdag daar in Dippies se "privaat losie" tuis en stapel proviand et al op om te kyk hoe die Bokke die All Blacks gaan opf....rommel.

Lekker opgetense oor die voorskou. Hang ewe plegtig die Vierkleur voor die binnebraai op en gooi 'n ou flenter Union Jack as kleed oor die proviand tafel. Berg van Kastele gebou. Nuwe Coke Zero's opgeline om die Wellington mee te verdun. Drie boomstomp grootte beesbiltonge op 'n skinkbord gedrapeer en 4 pakke Simba sout-en-asyn tjips op die kantlyn. Net vir ingeval. En 'n bakkie peanuts – vir impak!!

O ja, en Dippies het 'n vuvuzela by Pikkewyn by die drankwinkel persent gekry. Dié staan neffens sy stoel om die groot oomblikke mee te basuin. Sommer kans om fiks te word vir 2010 se spektakel.

Naas-goed probeer nog om ingeligte kommentaar te lewer oor hoe dit gedoen moet word, maar Frik-goed kan g'n stuk niks hoor nie, want 35,000 tromme op Nuweland lui die nuwe era in. Hoor en sien vergaan. Naas lyk soos iemand wat in 'n sinkskuur op die Knersvlakte staan en sing midde in 'n moerse haelstorm. Lippe beweeg, maar g'n geluid nie!

Wonder Frik wat het gestaan en word van banjo's, kitare en saksefone. Dís mos Nuweland musiek. Nie hierdie midde-Afrika gerommel nie. Dippies stry nie. Knik en kou net.

Fluitjie blaas en Butch skop 'n regte ou k*k skoppie. Frik stik in sy tweede Kasteel en Dippies laat val 'n Zero van die kroegtoonbank af. Spuit onder oorverdwende trom-getjommel alles binne reikafstand nat en taai! Asof 'n voorspel vir wat nog gaan kom.

Frik se derde kasteel vou hy sommer so opslag in sy vuur toe toe die swartspan gaan score Skuim loop teen sy hand af en hy trek 'n Lot se vrou op hom. Versteen soos 'n soutpilaar en staar na die kassie asof EVKOM so pas "load geshed" het!

Manne, en toe begin die pêre mos die stange deurbyt. G'n keer nie. Dippies donner twee blokkies ys in Frik se bak peanuts in plaas van in sy eie glas. Habana sny lyn en gaan score. Gryp Dippies die vuvuzela en hol voorstoep toe om die "try" te trompetter.

Vir die wat nie weet nie – Dippies het twee honne. Tessa, die oudste, reeds gevorderd tot bykans 112 mensjare. Stokblind en vrot van Alzheimers [of wat ookal ou honne kan kry] en 'n middeljarige reunhond, Ketoolsie.

Met die dat Dippies die vuvuzela oopdraai, spring Tessa vervaard op en val die eerste en naaste potplant verwoed aan! Ketoolsie val van die voorstoep af en hol swembad toe. Dek sommer opslag die Kreepy Crawley!

Frik skrou Dippies moet sharrap en die TMO se beslissing kom kyk – Dissie 'n drie nie!

Vlieë teen die muur maak video en digitale kameras bymekaar om hierdie spulletjie vir die nageslag vas te vang.

Verbind vernuftig die wond met die Union Jack..

Gryp Frik die Geelbladsye en begin vervaard die SPCA se nommer opsoek. "Hoe de donner kan hulle 'n gidshond aan 'n blinde skeidsregter se fluitjietou vasmaak en toelaat dat hy die stomme hond die veld vol rondsloop!" bulder hy. Enigste een wat Frik se tirades hoor skyn Matfield te wees, want twee keer probeer hy die skeidsregter se donkerbril afhaal om saam met sy fluitjie en wit kiere in sy gat op te druk. Of altans, so moedig Frik aan!

Ons twee vrinne raak al stiller en stiller. Staar nikssiede na die kassie. Dippies gooi nog 'n Wellingtontjie en met die wat hy dit wil opkikker met 'n Zero, gil Frik soos 'n haweslet met 'n orgasme. Val Zero die tweede keer. Suiet Zero vir die tweede keer.

Dippies dog Frik was in 'n trapskrum te oordeel aan die bloed. Beduie pawiljoen toe vir noodhulp. Staar Frik met oopgesperde oë na sy linkerduim sonder kop! So meegevoer geraak dat hy die biltong met 4cm misgesny het!

Brandewyn hettie brieke nie! Dips gooi 'n stywe knerts in 'n lang glas en verdowe vir Frikman opslag. Verbind vernuftig die wond met die Union Jack en sê: "Jy kan maar cheer en beduie met daai hand, maar net nie as die Bokke dalk score nie. Tussen al die k*k is daar nie nog plek vir Hensoppers en Hanskakies ook nie!"

Algaande raak onse vrinne al stiller en stiller. Kom kyk die vrouens of hulle nie dalk AVBOB se pawiljoen toe is nie. Soos geitjies wat pypolie ingekry het sit die tweeman skare en staar na die kassie. "Alles nog oukei?", vra vroulied Dips. "Is julle donners blind?" skrou die skare. "Lyk dit vir julle of als oukei is? Ons bleddie Olimpiese span vaar beter as hierdie spul palookas!"

Blaas Vroulied-goed maar die aftog en sluip uit die losie uit. Brom iets van "dronkgat swak verloorders" maar versigtigheidshalwe buite hoorafstand. Gaan bêre solank die snoek en patats. Die twee groentruie gaan na dese in elk geval te moeg wees om rooster om te draai!

Kerf, skink, kou, sluk. In stilte. Twee ongelowige Thomasse wat nie kan gló wat hier voor hulle oë aan't gebeur is nie.

Doodsnikke van die wedstryd – nog doodsnikliker is die voorraad Kasteel en Wellington. Skare sit nou knikkoppie en staar na die swart sekels wat besig is om alles wat groen is met presisie af te maai.

Steyntjie na De Villiers, De Villiers "pass" sierlik na die Swartspan en die Hakas dryf die laaste spyker "smile-smile" in die groen kis met die goue deksel in.

Shê Dippiesh: "Frikman, hulle kan shê wat hulle wil, maar nou het daai donnershe All Blacksh darem shmart by onsh agterlyn aangesluit. Onsh gaan nie weer gou sho 'n shkitterende agterlyn beweging shien nie!

"Ish sho", beaam Frikman en voeg by: "Volgende Shaterdag gaan ek die vrou en kinders vat om blomme by Shitrusdal te gaan kyk. Kom julle shaam?"

En so sit onse twee vrinne verbysterd en luister hoe die coach, van agter 'n swaar snorgordyn, met sy helium stemmetjie, almal probeer wysmaak perdedrolle is vye.

Swaar sug ou Dippies: "Met eish ja, met eish!"

Andre Dippenaar, eertydse regter van Vredenburg

KAMMANUUS VERSKYN WEER IN APRIL!